

# KERSFEES

deur Gerhard Bothma

Nóg 'n somerson Kersfees! Kersfees het gekom: vir almal wat gebid het dat God 'n helder Somerskersfees aan hierdie land moes skenk, maar ook vir hulle wat nie daarvoor gebid het nie. Dis Kersfees. Daarom wens ons mekaar dit toe: *Geseënde Kersfees!* Wat presies ons bedoel wanneer ons mekaar dit toewens, sal ons almal nie dadelik in ander woorde as hierdie twee-woord-frase kan weergee nie. Maar dit maak nie saak nie, want Kersfees is 'n tyd vir vier, nie vir verklaar nie. Dis 'n tyd vir verwondering, droom en verlang.

Iemand het iewers geskryf dat ons met Kersfees duideliker as in enige ander tyd van die jaar kan beseef dat ons 'n **diep verlanget binne onself** het en ook sien waarna mense werklik verlang. Diep binne-in elkeen van ons is daar 'n diep verlanget, 'n verlang na iets wat geen plaasvervanger daarvoor kan vervul nie. Hierdie verlanget kan op die oppervlak waargeneem word in mense se soeke na die perfekte geskenk, pogings om 'n onverbeterlike funksie te hou en om weg te breek na 'n plek waar hulle hulleself kan vind of kan wees.

In sy boek, *In die hande van die Pottebakker*, skryf Willem Nicol oor die groot verlanget. **Hy skryf dat die Een uit Wie ons kom daarna verlang dat ons voluit sal blom en Hy wil ons met so 'n verlanget vul.** Hy daag ons uit om te vra waarna ons sterker verlang as na enigiets anders (:11). Het jy jouself al dié vraag gevra? Weet jy waarna jôú groot verlanget is? Het jy jou diep verlanget al in woorde probeer omsit?

Om ons groot verlanget tot woorde te bring, is amper dieselfde as om die woord "seën" te omskryf. **Die groot verlanget en om geseënd te wees is soos die twee kante van dieselfde muntstuk.** Dit is soos om vas te hou aan 'n hand wat jou hand alreeds vashou (Joh 10:28). Dis soos om te weet dat jy gevind is reeds voordat jy begin soek het en te weet jy is gekry nog voor jy jou skuld kon bely (Liedboek 190).

Ons kan die psalmdigter se verlanget, versugtinge en geloof deel wanneer ons hom nasê: "Soos 'n wildsbok smag na waterstrome", het hy geskryf, "so smag ek na U, o God. Ek dors na God, na die lewende God" (Ps 42:2-3). **Dat God ons in ons honger en dors ontmoet (Joh 4:14; 6:35) en by sy feesmaal voed (Ps 23:5; Op 19:9) is sy groot geskenk aan ons.**

**God seën ons met Kersfees. God het 'n diep verlanget na élkeen van ons en vervul ons groot verlanget.** Mag jy dit beseef en jou groot verlang met hierdie wete voed. En **mag jy tuiskom in God se omhelsing terwyl jy saam alle gelowiges bid:** "Vervul in welbehae ons harte met u Gees / skenk ons in hierdie dae 'n ware Christusfees" (Liedboek 354:1).

**Seën vir jou in hierdie Christusfeestyd! Ds Leon Tait.**



DESEMBER 2012

## Kom ons maak hierdie Kersfees anders

Hoe kan ons hierdie Kersfees regtig anders maak sodat ons God daardeur kan verbly en eer?

Paar wenke:

- ◆ Minder rond jaag agter geskenke aan en meer tyd gee aan mekaar.
- ◆ Minder groot eet en ooreet en eerder gee aan 'n ander wat niks het om te eet nie
- ◆ Minder luuks en meer eenvoud
- ◆ Minder partytjie en meer lof aan en aanbidding van Jesus
- ◆ Minder versierings en meer viering van Jesus
- ◆ Minder ontvang en meer gee
- ◆ Minder "ek" en meer Jesus



Bo alles, kom ons laat God toe om hierdie feestyd te sê wat Hy graag wil laat hoor: **In die verlede het God op baie maniere met ons vaders gepraat, maar nou het Hy met ons deur Sy Seun gepraat** (Hebr 1:1-2) Wat het Hy deur Sy Seun kom sê?

- ◆ Daar is Goddelike liefde in die lug! So lief het God ons deur Jesus...!
- ◆ Daar is verlossing vir verlorenes deur Jesus
- ◆ Daar is nuwe lewe deur Jesus in hierdie wêreld moontlik
- ◆ Daar is lig in donkerte deur Jesus die Lig
- ◆ Daar is heling in hierdie stukkende lewe en wêreld deur Jesus
- ◆ Daar is hoop in hierdie hopelose wêreld deur Jesus

Tydens die Tweede Wêreldoorlog is 'n klein dorpie byna verwoes deur 'n bomaanval. Een van die min dinge wat bly staan het was die kerkoring met klok. Vroeg die oggend na die verwoestende bomaanval het die kerkklok gelui en die verwondes, sommige met verbande en ander op krukke het kerktoe gekom en saam begin sing: ere aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde....! Want dit was kersdag!

Jesus is gebore en het gekom in 'n stukkende wêreld om hoop en heling te bring vir die wat in Hom glo!

>>> Na bladsy 2

Daarom kom ons maak Kersfees hierdie jaar anders deur dit 'n fees te maak en God toe te laat om te sê wat Hy graag wil laat hoor naamlik: Jesus het gekom om liefde, verlossing, nuwe lewe, heling, en hoop te bring.


Wat 'n fees! Kom ons aanbid en loof ons Verlosser!

ds Leon van Heerden

Namens die kerkraad en leraargesinne:


Mag u hierdie Kersfees God se stem helder deur Jesus hoor wat vertel hoe lief Hy u regtig het. Mag u in 2013 voortdurend u oor by God se mond hou en u mond naby Sy oor hou om die ware lewe in volheid te ervaar wat Christus gebring het.

Dankie vir 'n goeie en geseënde jaar saam in Rietfontein-Suid.



## !! ONTHOU DATUMS !!

- ◆ **7 Des:** Skole sluit
- ◆ **9 Des:** Doop
- ◆ **16 Des:** Geloftedag & Geloftediens @ 9:00
- ◆ **25 Des:** Kersdiens @ 8:00
- ◆ **31 Des:** Oujaarsdiens @18:00



**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

**GRATIS** - Verwydering van onherstelbare, onbruikbare, verouderde of herwinbare goedere. Kontak 084 942 7399

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer!

Kontak Ilze 072 111 3100, email - ilzedples@gmail.com

## TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE



**VISIE:** Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.



### Watter rol speel gebed in ons Omgeegroep?

Gebed vorm 'n baie belangrike deel in Omgeegroepes. Net so belangrik soos om God te loof en prys. Gebed versterk ons in die geloof. Die passie van jou hart sal in jou gebed uitkom. As jy vind dat jou gebed selfgesentreerd is, is dit miskien tyd om selfondersoek te doen. As jy ongereed en oppervlakkig bid, is gebed nie 'n innige hartsbegeerte nie. 'n Gebrek aan gebed is nie ongehoorsaamheid nie, maar 'n indikasie van onverskilligheid.

Deur te bid raak ons minder besorg oor probleme en verskuif ons fokus eerder na God deur Hom onvoorwaardelik te vertrou. Jesus herinner ons deur Sy woord dat ons moet volhard in gebed en nie moedeloos raak nie.

Gebed is belangrik en vanselfsprekend in 'n gelowige se lewe en moet dus beskou word as 'n noodsaaklike tyd wat ons aan God en mekaar afstaan tydens ons byeenkomste waar ons saam vir mekaar kan omgee op die besonderse manier. 'n Direkte "lyn" na God – die Allerhoogste.

Indien gebed in ons Omgeegroepes verwaarloos word, kan die resultaat tot bekommernis en selfs frustrasie uitloop. Wanneer ons self probeer om die wêreld se probleme op te los, in plaas daarvan om ons aan God oor te gee in gebed, sal ons gefrustreerd en moedeloos raak. Ons moet op Hom leer vertrou. Gebedloosheid berooft 'n mens van vreugde, want die wêreld het nie die antwoorde op probleme wat slegs God kan oplos nie. Hy wil net die beste vir ons hê en daarom kan ons met vrymoedigheid vir mekaar en ander bid in ons Omgeegroepes.

### GOD SE GENADE EN KRAG IS NET 'N GEBED VER.

Indien jy betrokke wil raak in 'n Omgeegroep, kontak asseblief:

Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591



### VILLIERIA KLEUTERAKADEMIE

24ste Laan, 610  
2 jaar tot Graad R  
Gekwalifiseerde & Ervare Personeel

Kontrak Jeneane Williams @ 079 522 5348 / [vkleuterakademie@gmail.com](mailto:vkleuterakademie@gmail.com)

